



2019

genoot

N.G Rustenburg-Suid

Sondag, 12 Mei:

08:00 – 08:30 Voorbedding : Evangelie boodskap vir Moedersdag

09:00 Erediens

Projekspan 3

10:00 Kategese : Gr 7 - 10

Tee na die diens – Al die C-wyke.

Maandag, 13 Mei:

09:00 Bybelstudie

17:30 Selgroepleiers

Woensdag, 15 Mei:

09:00 Bybelstudie

17:30 Bybelstudie

Vrydag, 17 Mei:

06:00 Mannebiduur

Sondag, 19 Mei:

08:00 – 08:30 Voorbedding: Evangelie boodskap
Kerkraad en Finansbediening

09:00 Erediens

Projekspan 1

10:00 Kategese : Gr 7 - 10

Tee na die diens – Al die D-wyke.

KANKERPASIËNTE:

Wimpie Espach, broerskind

van Hettie Combrink 014 592 5162

Margaret Steyn 083 244 4591

Gerhard Derks 082 334 8586

Naomi van Wyk 014 592 6647

SIEK OF IN DIE HOSPITAAL:

Mara van Straten 014 592 2450

Annatjie Smuts (Elsie dogter) 082 875 2124

Elisabeth Weyer 014 592 8117

Kallie Insel 014 592 4167

Bertha Meiring 083 511 5276

Ann Sevenhuysen 082 339 1966

Miems Kloppers 071 200 1859

Tina Bronkhorst 083 632 0592

Marie Erasmus 083 321 8039

Koos van der Merwe 082 755 1620

Annatjie van der Merwe 082 923 0277

Pieter Coetzee 084 723 6267

Koos Botha 014 592 9721

SPESIALE VOORBIDDING:

Gemeente seun en gemeente kleinkinders wat dwelm afhanklik is.

Blokleiers vir nuwe bedieningsmodel.

Hansie en Bessie Ströh

014 533 4349

Dankbaarheidshouer:

'n Paar jaar gelede het ons met die houer as 'n "Verjaarsdaghouer" begin, toe verander dit na "Dankbaarheidshouer". Dit gee groter betekenis aan die houer! Dink net aan: hoe geseënd is ons, die reën, gesondheid, nuwe baba, verjaarsdag so kan ons baie opnoem. Jy kan bv 'n R1,00 vir elke jaar wat jy gespaar is ingooi of vir elke kleinkind. Ons almal het iets waarvoor ons dankbaar is. Die inhoud van die houer word aangewend tot uitbreiding van God se koninkryk.

Kerkjaar:

“Mense vra hoekom die kerkjaar belangrik is. Dit is een van die beste maniere waarop ’n christen kan wys dat ek anders is as die wêreld om my. Die wêreld werk met ’n kalenderjaar, wat op 1 Januarie begin en op 31 Desember eindig. Daarom is Nuwejaarsdag belangrik, so belangrik dat mense miljoene rande aan feesvierings spandeer, aan goed soos vonkelwyn en vuurwerke en duur etes en so aan.

Vir die wêreld is Sondag ook die laaste dag van die naweek, Sondag is “na-week” en Maandag is die eerste dag van die week, waarop ons weer met ons werk begin. Maar vir christene is Sondag die eerste dag van die week, die dag van Jesus se opstanding, die dag wat ons vir God gee voordat ons met Maandag se mensewerk begin.

As christene werk ons met die kerkjaar. Dit begin vier Sondae voor die herdenking van Jesus se geboorte, met Advent. Dan volg Epifanie, dan Lydenstyd en Opstanding, Hemelvaart, Pinkster, en die tweede helfte van die kerkjaar is Koninkryktyd. Al hierdie feeste vier die verskillende maniere waarop God in ons wêreld aan die werk is.

Die kerkjaar help ons ook om die Bybel op ’n sistematiese manier deur te lees. Daarvoor gebruik ons veral die Leesrooster. So gebruik ons vier tekste elke week, met een fokusteks, wat ons elke dag lees. Die bedoeling is dat die teks moet in sink en deel word van ons lewe!”

Afsprake met ds. Riaan:

Indien jy graag ’n afspraak met ds. Riaan wil maak, skryf jou naam in die boek (agter by hoofingang) of gee deur aan die kerkkantoor, en ons kontak jou!

Webblad:

Gaan na ons webblad en registreer om Geloofsgimnasium en Kruisgenoot per e-pos te ontvang.

Selgroep Sondae : 16:30 – 17:30:

Daar sal geen selgroep vandag wees nie.

Die Heidelbergse Kategismus

Vraag 84: Hoe word die koninkryk van die hemel deur die verkondiging van die heilige evangelie oop- en toegesluit?

Antwoord: Volgens die bevel van Christus word aan die gelowiges gesamentlik en afsonderlik verkondig en openlik betuig dat al hulle sondes hulle waarlik deur God ter wille van die verdienste van Christus vergewe is so dikwels as wat hulle die belofte van die evangelie met ’n ware geloof aanneem. Daarenteen word aan al die ongelowiges en huigelaars verkondig dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus solank hulle hulle nie bekeer nie (a). Volgens hierdie getuienis van die evangelie sal God sowel in hierdie as in die toekomstige lewe oordeel.

(a) Joh. 20:21-23; Matt 16:19.

Tiende maand dankoffer:

Elke gemeentelid is ’n aandeelhouer in ons kerk. Daarom die versoek: Wil u nie dit asseblief oorweeg, behalwe diegene wat reeds hulle tiende gee, om Oktober maand, die tiende maand, u tiende vir die Here te gee nie? Indien u u tiendemaand-dankoffer oor ’n tydperk wil gee, is dit ook in orde. Ons het begrip vir die moeilike omstandighede waarin van ons lidmate verkeer. Praat met die Here oor hierdie saak. Toets Hom of Hy nie volgens Mal 3:10 die vensters van die hemel vir u wil oopmaak nie. Miskien moet ons elkeen weer vir onself vra: Is my maandelikse dankoffer werklik ’n weergawe van my dankbaarheid teenoor die Here? **Koeverte beskikbaar by deure of u dienswerker.**

Nuwe intrekkers en besoekers:

Baie welkom! Ontmoet Jakkals in die voorportaal en kom ontvang ’n welkom-geskenkie. Daar is ’n boek met nuwe intrekervorms, voltooi asb. Stuur voltooide vorms na kantoor of plaas in kollektesak.

Ouers met kinders:

Ons ondersoek die moontlikheid om ’n omgeegroep te begin vir ouers met kinders. Belangstellendes kan asseblief vir Madelein Joubert kontak by 082 907 4387.

Survivorkamp: vir alle graad 8 en 9's (Badseloop)

Die Noordelike Sinode - Ring van Pietpotgietersrus bied aan 'n **SURVIVORKAMP** vir alle Graad 8 en 9 leerlinge, te BADSELOOP (± 13 km suid van Naboomspruit (Mookgopong)

Dis 'n avontuur-ervaring, waar ons jongmense net deur dinge wat hul ervaar en doen, meer van hulself en hul talente leer. Ons kamp vind hierdie jaar plaas vanaf **17 Junie tot 21 Junie 2019**.

Bekende leraars van die Ned. Geref. Kerk wat goed onderlê is, jonk van hart is en die Graad 8/9 kind baie goed ken, tree op as Geestelike leiers. Ons gebruik net ons beste en bekwaamste mense om die kamp vir elke jongmens onvergeetlik te maak.

Die koste vir die kamp beloop **R750** per persoon. (Inskywingsvorm in kantoor beskikbaar).

CMR (Christelike Maatskaplike Raad)

Die naam gaan verander. Maar die Christelik, sal bly! Indien jy meer besonderhede verlang, kontak ds. Riaan.

Verjaardae:

Baie geluk met jou verjaarsdag, mag dit 'n wonderlike dag wees en 'n wonderlike, geseënde jaar, gevul met die oorfloedige genade van ons Hemelse Vader.

Verjaar	Naam	Van	Landlyn	Selfoon
05/12	Ruan	Fourie		27824623601
05/13	Elna	De Bruin		27828528772
05/13	Wimpie	Steyn		27828948900
05/14	Rie	Beneke		
05/15	Amalia	Joubert		
05/16	Ava	Nel		
05/17	Leandre	D Alessandro	0145914140	27798058772
05/18	Lizanne	Muller		27725742671
05/18	Hans	Vosloo		27729034579

Hulp word gevra:

Blanke man dringend op soek na werk. Gekwalifiseerde motorvoertuig elektrisies (auto electrician) met ondervinding. Is bereid om enige elektriese probleme op voertuie op te los (asook motoralarms en radios) en voertuie te diens. Kontak: Nico Krugel 065 923 2413.

AP Industrie:

Ons doen alle installasies en herstelwerk, staal, hout, elektries ens., asook toesig oor huise en diere. Vir meer besonderhede sien advertensie op aansteekbord by saal. Pieter: 064 677 6700.

<u>Leraar:</u>	Ds. Riaan Steyn, Krugerstraat 199, Rustenburg. Tel: 014 592 0116 Selfoon: 082 851 7310 E- pos: riaan-steyn@lantic.net
<u>Kantoor:</u>	Ure: Maand – Vryd. : 10:00 – 14:00. Tel: 014 592 2419 Faks: 014 592 4531. Selfoon: 071 436 0102 E-pos: ngrbsuid@gmail.com .
<u>Webblad:</u>	www.ngrustenburgsuid.co.za
<u>Bankbesonderhede:</u>	ABSA Tjekrek. 1220580128

FamilieTuisblad

5 - 11 Mei 2019



in samewerking
met nous.org.za

Handelinge 9: 36

In Joppe was daar 'n gelowige vrou met die naam Tabita, in Grieks Dorkas. Sy was altyd besig om goed te doen en die armes te help.

**fokus
vers**

TEMA
van die week

Diensbaarheid.

So: Handelinge 9: 36-43

Ma - Di: Johannes 10: 22 - 30

Wo - Do: Psalm 23

Vr - Sa: Openbaring 7: 9 - 17

**BYBEL
tyd**

Dankgebed (Gebed voor ete)

Dankie vir die kos en vir die hande wat ons dien deur dit te maak. Amen.

Oorgee-gebed

Help my om te onthou dis beter om te dien as om gedien te word. Amen.

Seëngebed (Seën mekaar elke oggend so)

Mag jy vandag die lekker van diensbaarheid ervaar. Amen.

Lees die **Teks** soos aangedui in **Bybel-tyd** hierbo.

Oopskop vraag: Wat het jou geraak in die teksgedeelte en watter vrae het by jou opgekom?

Raakvat vra:

- ✦ Wat is die "groot daad" van God waarvan ons in die boek Handelinge lees?
- ✦ Tabita was 'n weduwee. Wat was die sosiale status van 'n weduwee in die samelewing van die teks?
- ✦ Hoe getuig die teksgedeelte oor Tabita se lewe?
- ✦ Waarom dink jy is die "klein" verhaal van Tabita tussen al die "groot" verhale geplaas.
- ✦ Hoe help die verhaal van Tabita ons om ons roeping te verstaan.
- ✦ Wat vertel hierdie gedeelte vir ons oor God?
- ✦ Hoe wil die Here hê moet ons die opstandingslewe in ons wêreld sigbaar maak?



Ons gesels saam oor
ons lewe en geloof

**LEEF
tyd**

Ons leef ons geloof
heelweek uit

Ons leer die week om mekaar te dien. Begin by die persoon wat altyd laaste kan sê wat hy/sy wil. Hy/ sy kan nou eerste sê wat die hele gesin vir 5 minute moet speel. Die volgende dag moet die volgende gesinslid na wie daar nie so gereeld geluister word nie sê wat julle moet speel ens. totdat die een wat altyd sy/haar sin kry ook 'n beurt kan kry.

**DOEN
tyd**

Ons oefen ons
geloof op 'n
praktiese manier

Dink aan die persoon wat die minste aansien het wat julle gewoonlik mee te doen kry. Bedurf daardie persoon deur vir hom/haar 'n "slab" sjokolade te koop.

Sit handerom of lyfroom op 'n prominente plek in julle huis neer. Elke dag moet julle mekaar daarmee bedurf deur of die persoon se hande of voete met dit in te vryf.

**SPEEL
tyd**

Ons
spandeer
kwaliteit-tyd